

Week 5 Dag 6: Verborge in God

Lees Kol 2:6-23 en 3:1-4

Die dag toe jy saam met Christus daar op Golgota gesterf het, het Hy jou weggesteek by God. Dis tog wat hier staan, nie waar nie? Jou lewe is saam met Christus verborge in God.

Hoekom steek Hy jou weg? Waarvan, of van wie? Van Satan,

natuurlik! Want hy loop rond soos ’n brullende leeu om te kyk wie hy kan verslind, soos Petrus ons in 1 Petrus 5:8 waarsku. In Openbaring 12 lees ons op aangrypende wyse hiervan, en ook hoe God die vrou (sy kerk) wegsteek. Jy kan dit gerus lees.

Satan ís ’n realiteit, en sy verleiding ’n werklikheid waarmee jy daagliks rekening moet hou. Maar hy is ’n verslane vyand, en ek en jy is veilig, weggesteek van sy lis, mits ons by God skuil. Martin Luther het gesê die duiwel is soos ’n hond aan ’n ketting, en God hou die ketting vas. Die hond kan jou baie seer byt as jy te naby kom, maar as jy verby hou, keer die ketting dat hy jou kan bykom.

Verborge in God! Niks kan jou van sy liefde skei nie, sê Paulus op ’n ander plek (Romeine 8:38-39). Jy hoef nie omkyk-omkyk te leef nie, in vrees dat die duiwel jou sal steel nie. Daarvoor sorg God.

Gebed: Dankie, hemelse Vader, dat ek veilig by U is.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026